

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aanstreek van die kerse

Woorddiens

Tema: "Pasop en oppas" Waarskuwing of opdrag?

Skriflesing: Johannes 21:1-25 (deel 2)

Lied 163

Soos 'n wildsbok wat smag na water,
smag my siel na U, o Heer.

U alleen is my hartsverlange
en ek bring aan U die eer.

U alleen is my bron van krag;
in U teenwoordigheid wil ek wag,

U alleen is my hartsverlange
en ek bring aan U die eer.

Broodjies vir die pad

"God wills our liberation, our exodus from Egypt. God wills our reconciliation, our return from exile. God wills our enlightenment, our seeing. God wills our forgiveness, our release from sin and guilt. God wills that we see ourselves as God's beloved. God wills our resurrection, our passage from death to life. God wills for us food and drink that satisfy our hunger and thirst. God wills, comprehensively, our well-being—not just my well-being as an individual but the well-being of all of us and of the whole of creation. In short, God wills our salvation, our healing, here on earth. The Christian life is about participating in the salvation of God."

— *Marcus J. Borg, The God We Never Knew: Beyond Dogmatic Religion to a More Authentic Contemporary Faith*



I.v.m. Johannes 21 as deel van, of as aanlas van, die Johannes Evangelie

In the 20th chapter of the Gospel of John, the text summarizes the many signs that Jesus performed for his followers, *not all of which could be recorded in the Gospel*. John 21 begins with the Johannine transition, *After these things...* (Greek: Μετὰ ταῦτα) that is used throughout the Fourth Gospel, leading some scholars to suggest that John 21

was appended in the same way as Mark 16:9-20. Peter's ecclesiastical role is emphasized, but this is similar to Peter's commissioning in John 1. The Nestle-Aland Novum Testamentum Graece (27th ed.) as well as major translations of the New Testament (e.g. KJV, NASB, NIV, RSV, NRSV) retain this chapter in their editions as original, and just one fragmentary manuscript has been discovered that may end at John 20 without John 21.

One theory is that the author simply decided to add an additional incident at some time after writing the book, but before final publication. Westcott stated,

It is impossible to suppose that it was the original design of the Evangelist to add the incidents of chapter 21 after the verses which form a solemn close of his record of the great history of the conflict of faith and unbelief in the life of Christ.

But Donald Guthrie writes:

It is unlikely that another author wrote this section since there are several points of contact in it with the style and language of previous chapters...(IVP New Bible Commentary)

The Church Father Tertullian wrote, "And wherefore does this conclusion of the gospel affirm that these things were written unless it is that you might believe, it says, that Jesus Christ is the son of God?", which describes the end of Chapter 20, not Chapter 21. However, the Nestle-Aland critical text of the New Testament lists no surviving copies of the Gospel that omit this chapter.

The description of the "beloved disciple's" (normally assumed to be John) fate is presented as an aside to Peter. Jesus says that it is not Peter's concern, even if Jesus should wish that that disciple remain alive until the end of time. The following verse clarifies that Jesus did not say "This disciple will not die", but that it was not for Peter to know.

In an essay, contributed on behalf of scholars unconvinced of any decisive sense of "originality" to John 21 (published in 2007), Felix Just wrote: "We (unfortunately!) do not possess any ancient manuscript of John that actually ends at 20:31." In other words, ancient manuscripts that contain the end of John 20 also contain text from John 21. So if John 21 is an addition, it was so early (which is not in doubt: part of John 21 appears in P66) and so widespread, that no evidence of the prior form has survived. This should however be balanced against the tendency for the first and last pages of codices to be lost: there are just four papyrus witnesses to John 20-21, only three of which date from the 4th Century or earlier.

https://en.wikipedia.org/wiki/John_21



Da Capo

Van al die relieke, uitgestrooi met afskeid is min dinge so leeg en eensaam soos 'n hoed; dit reis tussenwêrelds na niks of na rus en die kapstok sê: jy het gearriveer of gegaan. Daar is min dinge so aanwesig soos 'n hoed. Op al die haltes van aankoms en vertrek was jou swaar kop die mooiste; groot met skedelnate broos om die kroonare wat roosrank deur jou brein. Jou hoed was trots, maar hang nou verslae aan die kapstok – sal dit ons haltes van vergeet onthou as ek inboek in die eensaamheid van dié vers? 'n Kapstok tel die ure se loopgang, die kopskuiwe van hier en ver. As ons nā die eendagsreis ontslaap, die self kolskoot en finaal ophang aan die kerfstok sal ek weer aanmeld by die laaste halte – die inlas van verlies vind; jou hoed hang daar, jy is hier, vir ewig tuis. Ek het jou liefgehad soos 'n hoed of 'n eenvoudige profesie.

Nini Bennett

(Uit: *Boekstaaf*. Nini Bennett. Cordis Trust, 2015.)

9. Kan jy kortliks sê waarom die vers, volgens jou, handel?

Dit is 'n liedagtige vers waarin musikaliteit geaktiveer word deur die titel, 'n musiekterm wat beteken “herhaal vanaf die begin/kop”, soos reeds genoem. Die hoed vertrek en gaan uit in die wêreld, reis deur tyd en ruimte, maar keer telkens terug na die kapstok. Die hoed is ook 'n persona wat identiteit opeis en eindelijk die sikliese gang van die lewensreis en dood voorstel. Binne die bundelgeheel is dit die poëtikale vertrekpunt of *vehicle*.

10. Was daar dalk iets (boek/musiek/film/skildery) wat 'n bepaalde invloed op die tot standkoming van dié betrokke vers gelei het?

Ek het die vers geskryf direk na aanleiding van die film *Modigliani* (2004). Veral een toneel het my bygebly: Modigliani en Picasso ruil hoede op 'n speelse wyse, maar dié spel blyk 'n dodelike magspel tussen die twee skilders te word. Die ryk simboliek rondom 'n hoed het my dadelik aan die dink gesit.

13. Is daar iets in dié vers wat jy as tipies “Suid-Afrikaans” sal beskou?

Alhoewel die vers universeel is, kan dit ook as tipies Suid-Afrikaans gesien word. Daar is baie kapstokke met hoede in Suid-Afrikaanse huishoudings – iets wat bekend is en waarmee lesers kan identifiseer.

<http://versindaba.co.za/2016/04/13/digstring-nini-bennett-da-capo/>

Brood vir die pad

Oor kleintjies se weeklag en treur se taal

Dirkie Smit

Kinders is “metafore van hoop” ook dáárin dat hulle maklik huil – as hulle ongelukkig is, seerkry, teleurgestel word, veronreg voel.

Huil kan vele oorsake hê maar kan óók protes wees, openlike te kenne gee dat dinge nie rég is nie. Nie só hoort nie.

Huil dien so as vorm van hoop dat dinge anders kán wees, as luidkeelse blyke dat ons wéns dit wás. Só word dit weerstand teen die werklikheid – presies die hart van alle hoop. En presies wat ons afleer met ons ouer word.

Ons word geléér dat ons nie behóórt te huil nie. Vrede moet maak met hoe dinge een maal is. Leer berus in ongeluk, seer, teleurstellings, onreg – want dis die lewe.

Ons word wys gemaak dat volwassenes nie hartseer en verlange wys nie, dat cowboys don't cry. Opgevoed om te glo dat grootmense berus en aanvaar, stilbly as ons seerkry sien, wegkyk en swyg as onreg heers, gevoelens leer wegsteek, emosies leer beheer. Voorgesê dat die status quo die laaste woord het en dat dróóm gevolglik vergeefs is, iets net vir kinders. Soos ook verbéél en verlang, verset en protes, huil en weeklag – en hóóp.

Juis dáárom word kleintjies vir ons tot metafore, voorbeelde, illustrasies, herinneringe, getuies – van wat hoop sóú kon doen.

Die “magtiges en bevoorregtes wat uit selfsug hul eie belang soek en oor andere beskik en hulle benadeel” (*Belhar*) – hetsy in ons huise, skole, strate, buurte, openbare lewe – se bruikbaarste bondgenote is dié van ons wat berus en aanvaar, stilbly en wegkyk, omdat ons glo dat dinge tog nie anders kan nie, altyd só sal bly, bestem is om so te wees, ons gevoelens leer wegsteek en ons verontwaardiging leer verberg, afgeleer het om te huil, soos kinders.

Natuurlik ken ons ook ánder sulke getuies, herinneringe, metafore van hoop. Wie kan ooit Alan Paton se profetiese *Cry, the Beloved Country* vergeet? Die meesleurende lirieke van Dan Heymann se “Weeping”? Adam Small se ontroerende protesgedigte? Desmond Tutu se bewoë figuur in die voorsitterstoel? Antjie Krog se onthullende “They never wept, the men of my race”?

Oor jare sou die teoloog Denise Ackermann bly herinner aan dié rol van klag – in Bybelse tradisies, gebed en spiritualiteit, kerk, die openbare lewe. In akademiese én populêre geskifte sou sy daarvoor skryf.

Ook in haar bekende *After the Locusts – Letters from a Landscape of Faith*, in die vorm van vyf briewe, wy sy een brief aan hoe nodig ons dié taal van treur het – en rig dié brief juis aan haar kinders. Maar ook aan ons.

<http://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/oor-kleintjies-se-weeklag-en-treur-se-taal-20160408>



Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.

Ubi caritas, et amor

ubi caritas, Deus ibi est.